

# KOM TOER SAAM!



## Avontuur na: Namibië

Begin: Randburg – Randburg  
Soort: Avontuur Buitelug Trokkie  
Verwysing: BM/N  
Fisies: 'n Basiese vlak van fiksheid is nodig vir u om die toer werklik te geniet.  
Hierdie toer is veral geskik vir mense onder die ouderdom van 70jaar.

### Is hierdie die regte toer vir u?

- Hierdie toer het 'n paar lang reis dae wat verleng kan word deur slegte Afrika-paaie.
- Namibië se temperature verhoog in September, voor dit begin reën, van 34 – 38°C
- Ons gaan 'n paar oggende moet vroeg opstaan om te verseker dat ons nie op die hitte van die dag aktiwiteite doen nie.
- Hierdie toer behels lodge/gastehuis- en kamp-verblyf.
- Hierdie toer word aangebied in 'n Avontuur Buitelug Trokkie. Ons verkies om nie meer as 12 persone te neem nie, en daarom is daar GEEN enkel-akkommodasie beskikbaar nie.

### HOOGTEPUNTE:

- ✓ Oranjerivier Kanoe
- ✓ Visrivier-canyon (stap en sonsondergang)
- ✓ Aus Watergat / Wilde Perde
- ✓ Kolmanskop en Lüderitz
- ✓ Sesriem-canyon
- ✓ Duin 45 en Sossusvlei
- ✓ Küjseb Canyon
- ✓ Swakopmund
- ✓ Windhoek en stadstoer
- ✓ Botswana

Toer Verw:	Datum 2020:	Tarief	SADC
BM/N	19 – 28 September 2020	R22 600	Deel Tarief (per persoon)

**Betaal R2 000p/p. deposito (binne 14dae) nadat u bespreking bevestig is, en balans 60dae voor toer vertrek. (Deposito nie terugbetaalbaar met kansellasie)**

**Ingesluit:** 5 Nagte Lodge/Gastehuis en 5 Nagte Kamp  
Geregistreerde Toergids  
Avontuur Buitelug Trokkie  
Toegangsgelde  
Etes soos aangedui

**Uitgesluit:** Drankies  
Footjies  
Etes soos aangedui

**Kontak persoon:** Das Badenhorst  
T: 011 919 9017 | S: 083 410 1745 | F: 011 9190211 | E: [dasb@atkv.org.za](mailto:dasb@atkv.org.za)

# KOM TOER SAAM!



## REISPROGRAM – 11 DAE NAMIBIË TOER

### Dag 1: **Randburg – Upington**

Vandag vertrek ons vroeg vanaf Randburg op roete na Upington. Ons ry Suid-Wes via Vryburg en Kuruman en sal dus iewers op ons roete stop vir 'n lekker middagete. Na ons middagete en beenrek-sessie, beoog ons om voor donker by ons akkommodasie vir die aand te arriveer.

*ETES INGESLUIT: Middagete. (Aandete op eie onkoste)*

*AFSTAND: 785 KM*

*AKKOMMODASIE: River Bank Lodge of soortgelyk*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ Vryburg
- ❖ Kuruman

### Dag 2: **Oranjerivier**

Na 'n goeie nagrus en lekker ontbyt, reis ons voort na die Nakop Grenspos waar ons by Namibië sal ingaan. Vanoggend sal ons ook vir die eerste keer 'n voorsmaak kry van die tipe grondpaaie waarop ons sal ry vir meeste van die toer wat voorlê. Ons reis tot by die Oranjerivier en geniet 'n laat middagete.

Na middagete, slaan ons gou kamp op, en dan het ons die res van die middag om bietjie te ontspan langs die swembad en die uitsig oor die rivier te geniet, met 'n koue drankie in die hand.

Vanaand gesels ons bietjie meer oor ons kanoe-ervaring vir die volgende dag en geniet ook ons eerste aand in ons tente.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt / Middagete / Aandete*

*AFSTAND: 435 KM*

*AKKOMMODASIE: Felix Unite Kampterrein*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ Grenspos
- ❖ Oranjerivier

### Dag 3: **Oranjerivier en kanoe**

Heerlike ontspanne ontbyt, en dan maak ons gereed om die Oranjerivier aan te durf op 'n kanoe.

Die rivier vloei rustig in 'n Westelike rigting, wat gewoonlik 'n genotvolle en plesierige ervaring verskaf. Tussen die voël-lewe en die bloedrooi klipformasies van die berge, asook die rivier wat deur die Richtersveld Woestyn vloei, is daar heelwat besienswaardighede.

Ons sal die meeste van die dag op die rivier wees en ook middagete op die

# KOM TOER SAAM!



rivieroewer voorberei. Na middagete gaan ons voort met die kanoe's tot by die uittrekpunt. Hierna word ons terug vervoer na ons kampplek.

Vanaand maak ons weer 'n smaaklike ete in die kamp en gesels oor ons ervarings van die dag.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt / Middagete / Aandete*

*AFSTAND: 0 KM*

*AKKOMMODASIE: Felix Unite Kampterrein*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ *Oranjerivier kanoe*
- ❖ *Middagete op die rivier*

## Dag 4: **Visrivier Canyon**

Vandag verlaat ons die skoonheid van die Oranjerivier en is ons op pad na die ikoniese Visrivier Canyon toe. Die grootste in Afrika, en feitlik die tweede mees bekendste attraksie in Namibië.

Die Visrivier Canyon beslaan 'n area van ongeveer 5 900 vierkante km en is gemeet op 140km lank, op plekke 27km breed en 500m diep, wat hierdie canyon, volgens kenners, die tweede grootste canyon in die wêreld maak.

Ons beplan om die agtermiddag op die rand van die canyon te spandeer, te stap en dus ook die sonsondergang oor die canyon te beleef.

Na sonsondergang, keer ons terug tot by die kamp waarna ons weer 'n lekker aandete sal voorberei.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt / Middagete / Aandete*

*AFSTAND: 200 KM*

*AKKOMMODASIE: Hobas Kampterrein*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ *Visrivier-Canyon*
- ❖ *Stap by die Canyon*
- ❖ *Sonsondergang oor die Canyon*

## Dag 5: **Lüderitz via Kolmanskop**

Nadat kamp afgeslaan is, en ons 'n rustige ontbyt geniet het, vertrek ons in 'n Noord Westelike rigting op pad na die ou myn, kUSDorpie Lüderitz.

Op pad stop ons by die Aus watergat, en kyk of ons van die area se bekende wilde perde kan sien, waarna ons ook 'n draai in die ou spookdorp, Kolmanskop, maak. 'n Klein dorpie wat "op-geëet" word deur woestynsand. Die dorp het eens gegons met aktiwiteite nadat 'n

# KOM TOER SAAM!



spoorwegwerker, Zacharias Lewala 'n blink klippie in die sand opgetel het, terwyl hy besig was om die sand na eenkant toe te skuif vir die nuwe spoorlyn. Die klippie was toe positief geïdentifiseer as 'n diamant, waarna die nuus van hierdie bevinding soos 'n veldbrand versprei het onder fortuinjagters.

Na ons besoek aan Kolmanskop, ry ons verder na ons akkommodasie in Lüderitz, waarna ons dié dorp, op ons eie tyd, te voet kan gaan verken. Ons ontmoet weer vanaand vir aandete op u eie onkoste.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt / Middagete. (Aandete op eie onkoste)*

*AFSTAND: 400 KM*

*AKKOMMODASIE: Alte Villa of soortgelyk*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ *Aus Watergat*
- ❖ *Wilde Perde (Indien hul in die omtrek is)*
- ❖ *Kolmanskop*
- ❖ *Lüderitz*

## Dag 6: **Sesriem**

Rustige oggend met 'n lekker ontbyt. Ons vertrek in 'n Noordelike rigting op pad na een van die oudste woestyne ter wêreld die "Namib". Hierdie woestyn bied ongelooflike mooi uitsigte asook 'n reeks van die meeste inheemse spesies (Fauna en Flora) van enige woestyn ter wêreld. 'n Woestyn wat vir meer as 2 000km van Noord tot Suid strek.

Vanmiddag verken ons die Sesriem Canyon wat in die Namib-Naukluft Nasionale Park geleë is. Hier stap ons tussen die asemrowende rotsformasies wat oor miljoene jare gevorm en gegraveer was deur die vloei van die Tsauchab Rivier.

Na ons uitstappie, keer ons terug kamp toe waar ons aandete sal voorberei.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt / Middagete / Aandete*

*AFSTAND: 465 KM*

*AKKOMMODASIE: Sesriem Kampterrein of soortgelyk*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ *Sesriem*
- ❖ *Sesriem Canyon*
- ❖ *Tsauchab Rivier*

## Dag 7: **Sossusvlei en Swakopmund**

Vanoggend drink ons vroeg 'n vinnige koffie in die kamp, waarna ons sal vertrek om in die duine die sonsopkoms te ervaar.

# KOM TOER SAAM!



Ons besoek duin 45, waar die wat durf het, hom saam met ons sal uitklim. Na duin 45 ry ons verder tot by Sossusvlei, waar ons die area te voet verder sal verken.

Die area wat ons gaan besoek is meer-en-deels bekend vir die twee natuurlike panne, genaamd Dooievlei en Sossusvlei.

Ons keer terug kamp toe, voor die hitte van die dag, vir ons middagete. Daarna pak ons gou kamp op en ry na Swakopmund waar ons die volgende twee aand sal oornag.

Vanaand kom ons almal bymekaar vir aandete by 'n restaurant in die dorp.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt / Middagete. (Aandete op eie onkoste)*

*AFSTAND: 545 KM*

*AKKOMMODASIE: Amanpuri Lodge of soortgelyk*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ *Sonsopkoms in die duine*
- ❖ *Duin 45*
- ❖ *Sossusvlei / Dooievlei*
- ❖ *Swakopmund*

## Dag 8: **Swakopmund**

Ons geniet 'n heerlike ontbyt. Waarna ons die res van die dag vir onself het, om die dorp te verken, te rus of te ontspan en vir die avontuurlustiges is daar genoeg aktiwiteite (eie onkoste). Meer inligting sal nader aan die tyd verskaf word. Ons ontmoet almal weer vir aandete om stories uit te ruil.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt (Middagete / Aandete op eie onkoste)*

*AFSTAND: 0 KM*

*AKKOMMODASIE: Amanpuri Lodge of soortgelyk*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ *Swakopmund*
- ❖ *Opsionele Aktiwiteite (word nader aan die tyd verskaf)*

## Dag 9: **Windhoek**

Rustige oggend met ontbyt waarna ons vertrek na Windhoek. Ons beplan om net voor middagete by ons akkommodasie te arriveer. Net na middagete sal ons vertrek op ons stadstoer deur Windhoek.

Nadat ons die kultuur en geskiedenis van die wonderlike stad ervaar het, in ongeveer 2ure, sal ons vertrek na 'n restaurant vir aandete.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt en Middagete (Aandete op eie onkoste)*

*AFSTAND: 355 KM*

# KOM TOER SAAM!



*AKKOMMODASIE: Klein Windhoek Gastehuis of soortgelyk*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ *Windhoek*
- ❖ *Stadstoer*

**Dag 10: Kalahari Rest - Botswana**

Ons vertrek vroeg vir die langpad via Botswana-grens.

Middagete word langs die pad voorberei, en ons reis verder tot by ons kampplek. Slaan gou kamp op en indien tyd dit toelaat verken die area. Aandete is by die lodge.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt en Middagete (Aandete op eie onkoste)*

*AFSTAND: 707 KM*

*AKKOMMODASIE: Kalahari Rest – Botswana of soortgelyk*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ *Botswana*
- ❖ *Grens oorgang Namibië*

**Dag 11: Johannesburg**

Ons laaste dag van die toer. Ons slaan kamp op en geniet 'n vroeë ontbyt. Daarna vertrek ons Suidwaarts na Johannesburg.

Ons roete neem ons tot by Lobatse om oor die grens te gaan na Suid-Afrika. Ons reis deur Zeerust, Swaruggens en Magaliesburg om later in Randburg te arriveer.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt (Middagete / Aandete is op eie onkoste)*

*AFSTAND: 680 KM*

*HOOGTEPUNTE INGESLUIT:*

- ❖ *Botswana*
- ❖ *Grens Oorgang*

*(Program kan aangepas/verander word weens omstandighede buite die ATKV se beheer)*

# KOM TOER SAAM!



## **BELANGRIKE INFORMASIE**

Hierdie toer het 5 aande wat ons gaan kamp, waarvoor u dus u eie slaapsak en kamp kussing sal benodig. Ons beveel u ook aan om 'n rugsak saam op toer te neem vir die aktiwiteite, asook om die nodige goed byderhand te hou in die trok terwyl ons ry.

Akkommodasie is onderhewig aan beskikbaarheid.

'n Geldige paspoort sal benodig word deur elke persoon (moet nog 3maande na toer geldig wees). Die toer vind plaas in Suid-Afrika, Namibië en Botswana en geen ander lande word besoek gedurende die toer nie. Dit is elke persoon se eie verantwoordelikheid om seker te maak dat u paspoort, asook enige ander toer-dokumente wat benodig sal word, geldig is en om dit gereed te hou gedurende die toer.

Tydens die beplanning van die toer was die bostaande roete, aktiwiteite asook toer-plan korrek, maar ons streef onophoudelik daarna om aan ons kliënte die beste en veiligste toer te bied, ten alle tye. Ons behou die reg voor om op enige tyd aanpassings of veranderings aan die toer/roete of aktiwiteite te maak op ons diskresie, in belang van die groep.

Gedurende die verloop van tyd verander toestande van die paaie (hetsy goed of sleg) wat gewoonlik nuwe roetes oopmaak. Gekontrakteerde kampe en akkommodasie se standaard verander (hetsy goed of sleg), opsionele aktiwiteite word beskikbaar of word by-gelas en sommige gaan uit besigheid uit, nuwe grense maak oop of die normale grense word eenvoudig net te besig, ens. Ons monitor onophoudelik elk van die bogenoemde faktore wat tot die sukses van die toer sal lei en sal dus veranderings maak indien omstandighede dit vereis of indien dit die toer positief sal baat.